Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 21/05 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **Skoolbywoning – graad 1- tot 9-leerders:**
   Dit is met groot dankbaarheid dat ons u kan meedeel dat die skool weer vanaf Maandag, 31 Mei, optimaal gaan funksioneer. Alle leerders word dan terug verwelkom.

2. **Personeelaangeleenthede:**
   Baie welkom aan mev. Adele Strydom wat vir die res van die kwartaal vir gr. 7 tot 9 Engels Eerste Addisionele Taal gaan gee.

3. **Vroeë skoolsluiting: Maandag, 24 Mei:**
   Die skool sluit op Maandag, 24 Mei, om 12:00 vir alle leerders a.g.v. graad 12-SBA-moderering in Kareedouw. Periode 1-6 gaan gevolg word.

4. **Langtafelaand: Vrydag, 28 Mei 2021:**

Kom geniet hierdie heerlike langtafelkuieraand, ten bate van Hoërskool McLachlan, saam met ons. Hierdie sosiale sushifunksie gaan jou stoutste verwagtinge oortref.
Daar is a.g.v. Covidregulasies slegs 200 kaartjies te koop.
* Maak 10 vriende bymekaar en betaal R1500 in die skool se rekening in. Stuur dan die 10 name van jou gastelys vir me. Mattheus en jou tafel is bespreek.
* As jy 'n enkelkaartjie wil koop, betaal R150 en kom kuier lekker saam.
Almal oud en jonk is welkom. Die aand beloof om groot pret te wees met sushi, lekker Thaise kos, 'n kontantkroeg , 'n opkomende sanger en 'n lekker dans - alles net teen R150 per kop.
Koop betyds jou kaartjie.

herotel IGEN

Wegneemete-opsie:
Indien u graag 'n wegneemete-kaartjie wil koop, is u welkom. Wegneem-etes kos ook R150 per kop. U kan u bestelling tussen 17:30 en 18:00 by die George McLachlansaal kom afhaal. Wegneemete-kaartjies is ook by me. Mattheus by die skool beskikbaar.

5. **Finansies:**
Skoolfondsrekenings vir Mei 2021 is per hand aan leerders gegee. Ons rig 'n vriendelike versoek tot ouers om die rekening by u kinders te kry.

Busgeld:
Busgeld vir die 2e kwartaal moes op 17 Mei betaal gewees het. Indien die busgeld nie betaal is nie, mag leerders ongelukkig nie verder van die busdiens gebruik maak nie.
Misgund: R2 080,00
Louterwater: R1 860,00
Krakeel: R1 640.00

Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
ABSA Joubertina
Rekeningnommer: 1970 430047
Tipe rekening: Tjek
Takkode: 334415
Verwysing: KIND SE NAAM EN VAN

Ons doen weereens 'n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat 'n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

Kopieerkoste:
Die kopieerkoste van R500 per leerder vir 2021 moes teen 31 Maart 2021 betaal gewees het. Ongelukkig is daar nog verskeie leerders wat nog nie die kopieerkoste betaal het nie. Indien dit nie sonder verwyl betaal word nie, sal die leerders nie verder fotostate ontvang nie. Die skool kan nie optimaal funksioneer indien ouers nie hul finansiële verpligtinge teenoor die skool nakom nie. Die leerder in Hoërskool McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is finansies broodnodig.

Ons opregte dank en waardering teenoor ouers wat te midde van moeilik finansiële omstandighede, hul plig in die verband nakom.

6. **Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021:**
Hierdie is weer 'n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

7. **Aansoek om toelating – 2022:**
Aansoekvorms is vanaf 1 Junie 2021 beskikbaar. Skakel gerus mev. Daleen Strydom vir enige navrae. Graad 1-aansoeke sal via kleuterskole gedoen word.

8. **VRL – Virtuele Talentkompetisie:**
Die VRL bied 'n virtuele talentkompetisie van sang, dans, voordrag, groepsdanse, instrumente, ens. aan vir die laerskool- en hoërskoolleerders van Mei tot einde Junie aan. Daar is pryse vir elke ouderdomsgroep en kategorie.

Leerders moet net self 'n selfoonopname van hulle inskrywing maak en instuur na die virtuele beoordelingspaneel van die VRL-leiers.

herotel IGEN

Inskrywingvorms met ‘n R15-inskrywingsfooi kan by Johan Strydom (hoofleier) en Miencke Strydom (gr. 10 VRL-lid) ingegee word.

Whatsapp jou inskrywing dan na 065 9680 626. Wenners sal op 5 Julie bekend gemaak word.

9. **SA Bloeddiens:**
Die Suid-Afrikaanse nasionale bloeddiens gaan Joubertina se gemeenskap op 25 Mei 2021 besoek sodat vrywilligers kan bloed skenk. Twintig McLachlan-leerders gaan hierdie jaar ook bloed skenk. Ons hoop dit gaan ‘n verrykende ervaring wees.

10. **Spesiale oueraand: Woensdag, 26 Mei:**
Ouers met kinders wat reeds akademiese probleme ervaar het in kwartaal 1, is persoonlik uitgenooi om hulle akademiese vordering met individuele onderwysers te bespreek en die pad vorentoe te beplan. Ons kan ongelukkig weens die Covid-19 situasie nie ‘n algemene oueraand hou nie, maar dit staan steeds ouers vry om enige tyd die skoolkantoor te kontak om ‘n onderwyser te spreek.

11. **Astroquiz**:
Die jaarlikse Astroquiz-kompetisie vind hierdie jaar virtueel plaas. Ongelukkig is al die werk oor die heelal, sterre, planete en wetenskaplikes slegs in Engels beskikbaar. 4 Leerders in graad 7 gaan deelneem as ‘n span. Ons wens hulle alle sukses toe.

12. **Wintersdrag:**

Seuns: Graad 1 – 3

- Wit langmou-/kortmouhemp
- Grys langbroek
- Swart belt (opsioneel)
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop

OF

- Wit langmou-/kortmouhemp
- Skoolsweetpak
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop

Seuns: Graad 4 – 12

- Wit langmou-/kortmouhemp met daskraag en skooldas
- Skoolsweetpak baadjie
- Langmoutrui
- Kortmoutrui moet **onder** die langmoutrui gedra word
- Grys langbroek met swart belt
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene met veters ordentlik geknoop

Dogters: Graad 1 – 3

- Wit langmou of kortmouhemp
- Maroen rok en grys skoolsokkies met skoolstrepe/swart sykouse
- Grys langbroek en grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene

OF

- Wit langmou of kortmouhemp
- Skoolsweetpak
- Grys skoolsokkies met skoolstrepe
- Swart skoolskoene

herotel IGEN

Dogters: Graad 4 – 12

- Wit langmou of kortmouhemp met daskraag en skooldas
- Maroen rok en grys skoolsokkies met skoolstrepe/swart sykouse
- Grys langbroek en grys skoolsokkies met strepe
- Swart skoolskoene

13. **Covid-prosedure:**

Prosedure voor skool:

Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit.
Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:

Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:30 – 12:40
3, 7, 8,12	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40
4, 5, 6, 9, 10, 11	**Klein hekkie** (De Waalstraat)	Klein hekkie (De Waalstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40

LET WEL: Die skuifhek sal NIE meer as in- of uitgang gebruik word nie.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

14. **Sport:**

Oefeninge:

Hoërskoolsport is afgestel tot verdere kennisgewing.
Graad 4 tot 7 begin met fiksheidsoefeninge tydens sportperiodes.
Graad 1 tot 3 sal begin sodra alle leerders terug is.

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

herotel IGEN

McLachlan Internet Fasiliteit